



**SA BOERPERD**  
**TELERSGENOOTSKAP / BREEDERS' SOCIETY**  
*The Ideal Sporting and Pleasure Horse*

## VEILINGS / AUCTIONS

INHOUD	INDEX
1 TIPES VEILINGS	AUCTION TYPES
1.1 NASIONALE VEILINGS	NATIONAL AUCTIONS
1.2 STREEKVEILINGS	REGIONAL AUCTIONS
1.3 PRIVAATVEILINGS	PRIVATE AUCTIONS
2 REËLS VIR DIE ORGANISERING VAN AMPTELIKE SA BOERPERD VEILINGS	RULES FOR ORGANISING OFFICIAL SA BOERPERD AUCTIONS
2.1 NASIONALE VEILINGS	NATIONAL AUCTIONS
2.2 STREEKVEILINGS	REGIONAL AUCTIONS
2.3 PRIVAATVEILINGS	PRIVATE AUCTIONS
3 AFSLAERS	AUCTIONEERS
4 KOMMISSIE	COMISSION
4.1 NASIONALE VEILINGS	NATIONAL AUCTIONS
4.2 STREEKVEILINGS	REGIONAL AUCTIONS
4.3 PRIVAATVEILINGS	PRIVATE AUCTIONS
5 INSKRYWINGS	ENTRIES
6 MINIMUM PRYS	MIMIMUM PRICE
7 INSPEKSIE VAN DIERE	INSPECTION OF ANIMALS
7.1 KEURING VAN DIERE	SELECTION OF ANIMALS
7.2 BENOEMING VAN KEURDERS	APPOINTMENT OF INSPECTORS
7.3 KEURINGSPROSEDURES	SELECTION PROCEDURES
8 KATALOGUS	CATALOGUE
9 DIE BESKERMHEER	AUSPICES
9.1 AANSTELLING VAN DIE BESKERMHEER	APPOINTMENT OF PATRON
9.2 PLIGTE VAN DIE BESKERMHEER	DUTIES OF PATRONE

**LET WEL:**

*Die verlening van beskerming deur die Genootskap moet nie vertolk word as synde 'n borgskap of waarborg, in die regstegniese sin van enige aard met betrekking tot enige perd nie. Enige aanspreeklikheid voortspruitend uit beweerde gebreke aan perde hetsy wat betref herkoms, genetika of andersins, sal op die verkoper van die betrokke perd berus. Verkopers van perde stel die Genootskap verder vry van enige eise van kopers in hierdie verband.*



## **1. TIPES VEILINGS**

Die volgende tipes veiling kan plaasvind onder die beskerming van die SA Boerperd Telersgenootskap:

- Nasionale Veilings;
- Streeksveilings;
- Privaat veilings.

### **1.1 NASIONALE VEILINGS**

Sentrale Veilings waarop die beste diere aangebied word, kan na behoefte op nasionalevlak gehou word. Net soos in die geval van 'n Nasionale Kampioenskapskou, speel so 'n veiling daarvan die beste perde aangebied word, 'n belangrike rol. Dit dien as 'n belangrike afsetgebied vir alle telers.

### **1.2 STREEKVEILINGS**

Hierdie soort veilings word deur SA Boerperd Klubs georganiseer waar die behoefte bestaan om 'n verskeidenheid goed teeldiere binne bereik van alle moontlike kopers te bring.

### **1.3 PRIVAATVEILINGS**

Privaatveilings vind plaas om die volgende behoeftes aan te spreek:

- Produksieveilings van stoetarye;
- Stoetarye wat wil uitverkoop;
- Boedels wat die uitverkoping van stoetarye noodsaak.

Geen teler mag meer as een uitverkoping hou en/of adverteer en dan binne die volgende twee jaar weer 'n produksieveiling onder dieselfde stoet se naam hou nie.

Lede wie jaarliks Privaat/Produksieveilings hou moet **skriftelik** aansoek doen en goedkeuring kry vir 'n datum by die Genootskap.

#### **1.3.1 Groep-Veilings**

Soms span 'n groep telers saam om 'n Produksieveiling aan te bied.

Alle deelnemers moet individueel kwalifiseer soos hierbo uiteengesit.

Aansoek moet betyds namens die groep by die Raad gedoen word en is verhewig aan die gestelde vereistes.

#### **1.3.2 Spesiale Veilings**

Perde wat op 'n nie-amptelike SA Boerperd veiling verkoop word, word nie onder beskerming van die Genootskap verkoop nie.

## **2. REËLS VIR DIE ORGANISERING VAN AMPTELIKE SA BOERPERD VEILINGS**

### **2.1 NASIONALE VEILINGS:**

- 2.1.1 Alle lede van die SA Boerperd telersgenootskap mag perde te koop aanbied op Nasionale Veilings.
- 2.1.2 Slegs gekeurde (gebrande) diere sal aangebied word. Diere op Nasionale Veilings moet van hoë standaard wees en sal spesifiek vir die geleenthed geselekteer word. Reeds gebrande perde kan afgekeur word om aan die standaard van die veiling te voldoen.
- 2.1.3 Kommissie (Item 4)
- 2.1.4 Geen inskrywings van lede wie se rekenings uitstaande is sal aanvaar word nie.



## **2.2 STREEKVEILINGS**

Streekveilings is oop vir ALLE OPBETAALDE KLUB LEDE wat enige Klub van die Genootskap insluit.

- 2.2.1 Lede van die gasheer Klub mag voorkeur geniet met betrekking tot staanplek op klubveilings.
- 2.2.2 Kommissie (sien 5.2)
- 2.2.3 Indien veilings gekanselleer of datums of venue verander word, moet die Genootskap en alle Klublede onmiddellik deur die betrokke Klub daarvan in kennis gestel word.
- 2.2.4 Geen veiling mag binne 2 (twee) weke voor 'n NASIONALE VEILING gehou word nie.

## **2.3 PRIVAATVEILINGS:**

Die Genootskap verleen alleen beskerming aan individuele lede of instansies se veilings indien al die rels van die Genootskap nagekom word.

- 2.3.1 Lede of instansies moet skriftelik aansoek doen by die Genootskap om toestemming 'n Voorgestelde veilingsdatum en plek moet deur die Raad goedgekeur voor reëling daarmee kan voortgaan.
- 2.3.2 Gasverkopers by goedgekeurde veilings moet aan al die kwalifikasievereistes soos die persoon wie aansoek doen om die veiling aan te bied, voldoen.
- 2.3.3 Indien 'n lid of instansie na goedkeuring van die veilingsdatums vir die jaar 'n veiling wil hou of 'n verandering wil aanbring moet dit deur die Raad goedgekeur word. Die datum mag nie 'n reeds goedgekeurde veiling benadeel nie.
- 2.3.4 Die lid of instansie moet TWEE BEAMPTES van die SA Boerperd Telergenoootskap gebruik, wat as beskermhere sal optree. Die beampes word aangewys uit die paneel van amptelike Keurders en is die aanbieders van die veiling is verantwoordelik vir hulle kostes soos bepaal deur die Genootskap. 'n Pa en seun/skoonseun of broers mag nie mekaar se veiling inspeksies doen nie. 'n Venoot mag ook nie op sy venootskap se veiling inspeksie doen nie. **Keurders moet roteer en dieselfde Keurders mag nie nie vir meer as twee jaar agtereenvolgend vir 'n veiling gebruik word nie.**
- 2.3.4 'n Veilingsinspeksie mag nie langer as 22 (twee-en-twintig) werksdae voor die veiling gedoen word nie.
- 2.3.5 Alle diere wat op die Veiling aangebied word se dokumentasie moet geverifieer word. Perde wat nog nie gekeur /gebrand is nie, mag steeds aangebied word, maar nie onder beskerming van die genootskap nie. Die verkope is die Verkoper se risiko sodanige verkope geskied **sonder** die beskerming van die SA Boerperd Telersgenootskap.
- Ongekeurde perde se Lot nr moet afgekondig word deur die Afslaers en perde moet gemerk wees met 'n X.**
- 2.3.6 Kommissie (Item 4)
- 2.3.7 Geen veiling mag in dieselfde week as NASIONALE VEILINGS of die ALGEMENE JAARVERGADERING plaasvind nie.
- 2.3.8 Alle ander reëls van toepassing op Amptelike Veilings moet nagekom word.

## **3. AFSLAERS**

- 2.4.1 Die Raad stel slegs vir Nasionale en Internasionale Veilings afslaers aan.
- 2.4.2 Alle afslaers is verplig om die reëls vir Amptelike Veilings na te kom.
- 2.4.3 Afslaers is verantwoordelik wees vir dienste soos met die Raad, Klubbestuur of persoon/e wat die veiling organiseer, ooreengekom.
- 2.4.4 Afslaers sal in oorleg met die Raad, Klubbestuur of persoon/persone wat die veiling organiseer, afslaers-kommissie vasstel.



#### **4. KOMMISSIE**

Op amptelike Veilings sal die Genootskap of die Klub wat die veiling organiseer, geregtig wees op 'n kommissie wat in oorleg met die veiling instansie vasgestel sal word.

##### **4.1 NASIONALE VEILINGS**

**1.0% Kommissie** op omset moet aan die Genootskap binne 30 (dertig) dae deur die Afslaer of Veilingsinstansie betaal word, waarna rente teen 2% per maand bygevoeg sal word.

##### **4.2 STREEKSVEILINGS**

**0.5 % Kommissie** op omset moet binne 30 (dertig) dae deur die Afslaer aan die Klub betaal word waarna rente teen 2% per maand bygevoeg sal word.

0.5 % KOMMISSIE IS AAN DIE GENOOITSKAP BETAALBAAR.

##### **4.3 PRIVAATVEILINGS**

**1.0% Kommissie** op omset van alle perde wat verkoop is moet direk aan die Genootskap oorbetaal word deur die afslaer na afloop van die veiling namens die Verkoper. Rente van 2% per maand sal gehef word indien die gelde nie ontvang word nie.

#### **5. INSKRYWINGS**

5.1 Inskrywings vir veilings moet skriftelik gedoen word en GEEN LAAT inskrywings sal aanvaar word nie. Betaling van die inskrywingsgelde moet die inskrywing vergesel. In uitsonderlike gevalle kan laat inskrywings volgens meriete deur die Raad toegelaat word.

5.2 **Geen inskrywings sal aanvaar word indien die betrokke lid se rekening nie ten volle betaal is by die Genootskap nie.**

5.3 Indien nodig sal in die geval van te veel inskrywings vir 'n veiling, vermindering van die aantal inskrywings deur die Raad of Klubbestuur gereel word sodat die aanbod nie te groot sal wees nie. Dit moet op so 'n wyse gedoen word dat geen lid bo 'n ander bevoordeel word nie.

5.4 Inskrywingsfooie vir Nasionale- en Streeksveilings sal van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word vir:

- Hingste
- Merries
- Reuns

**Stal fooie word deur bestuur van veilingsperseel / skougenootskap vasgestel.**

5.5 Indien 'n minimum van 80% van ingeskreve diere vir 'n veiling nie deur 'n lid voorgebring word nie, sal sodanige lid sy staanplek verbeur op die Nasionale veiling van die volgende jaar en heel laaste op die katalogus geplaas word tensy kennis van ontrekkings dertig (30) dae voor die veiling aan die Raad gegee word. Hy sal steeds sy staanplek op die huidige veiling verbeur.

5.6 Merries

5.6.1 Indien 'n verkoper merries as dragtig verkoop, moet 'n dragtigheidsertifikaat van 'n veearts getoon word.

5.6.2 Indien verkoper die merrie as "geloop by hings" verkoop dan is geen dragtigheidsertifikaat nodig nie en rus die onus op die koper om dragtigheid te bepaal. (Dekkingsertifikaat wel nodig)

5.6.3 Indien die Raad sou bevind dat daar 'n doelbewuste wanvoorstelling deur die verkoper was



ten opsigte van dragtigheid van 'n merrie van 'n verkeerde hings en die saak nie suksesvol opgelos kan word nie, mag die verkoper nie weer aan 'n volgende veiling deelneem alvorens die dispuit opgelos is nie.

#### 5.7 Hingste

5.7.1 Veilingskeurders moet hingste deeglik nagaan vir visuele voortplantings gebreke. Met die toestaan van 'n bod op 'n hings word die risiko verplaas na koper.

5.7.2 Indien daar gebruiksreg van 'n hings uitgehou word, moet die Verkoper dit baie duidelik skriftelik omskryf met datums indien van toepassing. Dit moet uitgelees word voordat die hings verkoop word en dit moet deur die Verkoper en Koper onderteken word sodat daar nie misverstande kan wees nie.

**Enige spesiale verkoopsvoorwaardes moet ook vooraf aan die afslaers afgekondig word en moet DUIDELIK by die Verkoper se stalle vertoon word sodra die lotnummers toegeken is.**

5.7.3 Indien 'n hings die gesamentlike besit van verskeie telers is en op 'n veiling geplaas word, is die onus by die vennote om te besluit wie kry die voordeel van die verkooping (m.a.w op wie se naam of uit wie se stal word die dier verkoop vir rekord doeleindest)

#### 5.8 Die koper aanvaar dat hy:

5.8.1 Die beskerming verleen deur die Genootskap geensins sal vertolk as borgskap of waarborg van enige aard aan enige iemand nie.

5.8.2 Die Genootskap vrywaar teen alle eise hoegenaamd wat mag ontstaan uit hoofde van die verlening van beskerming

5.9 Alle afslaers en verkopers moet kennis neem dat die Raad verwag dat alle kommunikasie en transaksies op 'n openlike en eerlike wyse hanteer moet word. Die Raad keur geen wanvoorstellings goed waardeur mense onder wanindruk gebring word nie. Dit sluit die gebruik van "spooknommers" vir onverkooppte diere of toeslaan van "vals" aanbiedinge in. Keurders en organiseerders moet bedag wees op sulke bedrywighede en dit rapporteer.

### 6. MINIMUM PRYS

6.1 Die verkopers kan besluit wat die Minimum verkoopprys op die Veilings moet wees.

6.2 Met Streeksveilings kan Klubs besluit oor die minimum prys.

### 7. INSPEKSIE VAN DIERE

#### 7.1 KEURING VAN DIERE

Die dag voor die veiling sal alle diere wat op Nasionale Veilings aangebied word onderhewig wees aan keuring deur KEURDERS wat deur die Raad aangestel word.

7.1.1 **SLEGS ONBETROKKE KEURDERS SAL BY NASIONALE VEILINGS GEBRUIK WORD OM DIE KEURING TE DOEN.**

7.1.2 Aanstelling van Inspekteurs sal na sluiting van inskrywings deur die Raad gedoen word.

7.1.3 **SLEGS DIE VOLGENDE PERSONE SAL TOEGELAAT WORD IN DIE RING:**

- **Keurders;**
- **nodige werkers;**
- **1 x ringbeampte;**
- **1 x hekbeampte;**
- **persoon wat die administrasie hanteer.**



## **7.2 BENOEMING VAN KEURDERS**

Die Keurders moet benoem word uit die paneel van amptelike Keurders van die Genootskap.

**Verkopers sal duidelik deur die kantoor in kennis gestel word van die datum en tyd wanneer diere afgelaai moet wees. Verkopers wie laat aankom sonder aanvaarbare rede en bewys van daardie rede, sal nie toegelaat word om te verkoop nie. Die Organiseerder / Keurder sal 'n beslissing maak oor die aanvaarbaarheid van sodanige rede en sal die bevoegdheid hê om die betrokke verkoper tot die veiling toe te laat of uit te sluit.**

## **7.3 KEURINGSROCEDURES**

Diere moet 15 (vyftien) minute voordat die keuring begin, in die versamelring wees. Die keuring van die diere op veilings sal op die volgende grondslag wees:

- 7.3.1 Alle diere op amptelike veilings sal voor die inspeksie as ongekeur beskou word.
- 7.3.2 Alle diere wat op klub- of Nasionale veilings aangebied word, moet in goeie kondisie wees en netjies voorgebring word.
- 7.3.3 Alle diere wat op veilings aangebied word moet vergesel wees van die vulpapiere of registrasie sertifikaat en identifiseerbaar wees. Die tatoeër merke of mikro-skyfies moet leesbaar wees. DNA toetsing mag aangevra word.
- 7.3.4 Geen ekstra perde (spaarwiele) sal toegelaat word nie.
- 7.3.5 Tydens keuring, word alle diere wat nie geskik is vir die veiling nie, met 'n X op die boud gemerk (verf) voordat hulle die inspeksie ring verlaat.
- 7.3.6 Alle diere wat goedgekeur word vir die veiling moet deur die veilingsring gaan om te oop aangebied te word.
- 7.3.7 Telers met diere van meer as een stoet moet diere VOOR inspeksie vir elke stoet identifiseer.
- 7.3.8 Alle diere wat as geskik vir die veiling bevind word nie is nie en dus daarvoor afgekeur word, moet genommer word en die rede vir afkeuring moet deur die betrokke keurders verstrek word.
- 7.3.9 Alle diere kan aan kliniese ondersoek deur 'n veearts onderhewig wees en die verkoper sal self verantwoordelik wees vir hantering van sy diere.
- 7.3.10 **ENTINGSERTIFIKAAT** is 'n vereiste en moet by aankoms aan die verantwoordelike persoon oorhandig word. Perdesiekte en perdegriep enting is 'n vereiste.
- 7.3.11 Diere wat volgens die Rasstandaard nie veilingswaardig is nie, of wat weens kliniese abnormaliteite soos deur 'n veearts uitgewys, nie veilingswaardig is nie, sal afgekeur word vir die veiling en met 'n X op die boud gemerk word.
- 7.3.12 Indien diere voor keuring onttrek word, sal dit as onttrek gemerk word.
- 7.3.13 Verkopers word ten strengste verbied om afgekeurde diere en/of diere wat van die veiling onttrek is, uit die hand op die veilingssterrein te verkoop of te verhandel.
- 7.3.14 **Dit is onwettig om op 'n amptelike veilingssterrein diere uit die hand te Koop of Verkoop sonder om kommissie aan die afslaers oor te betaal.**
- 7.3.15 Vullens ouer as 2.5 jaar (behalwe suipvullens) mag nie saam met hulle ma's, op enige amptelike veiling behalwe op 'n uitverkoping verkoop word nie.
- 7.3.16 Vullens onder 24 maande mag nie gekeur word nie en word dus nie op Nasionale veilings aangebied nie. **Geen waarborg t.o.v. toekomstige suksesvolle keuring mag gegee word nie.**
- 7.3.17 Tydens produksie- & privaat veilings 'n mag wel vullens onder 24 maande wel aangebied word. By suksesvolle keuring word die perd 'n B gebrand en hare getrek vir ouerskap verifiëring.
- 7.3.18 Registrasiesertifikate word slegs na die verifiëring van ouerskap aan aanvaarde perde uitgereik. Ouerskap behoort egter met geboorte aantekening reeds bevestig te word (Sien Keurdershandleiding).



- 7.3.19 Indien 'n Inspekteur vermoed dat 'n prulfout vermom is, word die onus op die Verkoper geplaas deur hom 'n beëdigde verklaring te laat onderteken dat geen prulfout vermom is nie.
- 7.3.20 Die Genootskap dra geen verantwoordelikheid vir defekte aan diere van watter aard ook al nie, maar onderneem om dissiplinêr teen telers op te tree wat doelbewus die Koper bedrieg of poog om te bedrieg.
- 7.3.21 Indien 'n lid hom nie aan al hierdie reëls onderwerp nie, is hy strafbaar onder die bepalinge van die Grondwet van die Genootskap

## **8. KATALOGUS**

Perde sal in rotasie van 2 per stoet aangebied word. In die katalogus moet die volgende besonderhede aangegee word:

- Katalogus nommer;
- Geslag;
- Ouderdom;
- WAARBORG\* insake vervanging van die dier;
- Enige ander inligting is opsioneel.

'n Dier mag slegs as 'n SA BOERPERD verkoop word as dit deur die nodige SA Stamboek Registrasiesertifikaat vergesel word. Alle sertifikate moet tydens keuring aan die Keurder oorhandig word, vir oordrag aan die betrokke koper. Dit geld ook vir privaatveilings.

### **\*WAARBORG INSAKE VERVANGING VAN DIER OP VEILING**

**Indien 'n perd op 'n veiling verkoop word en die vaar en/of moeder is verkeerd deur DNA bewys, moet die verkoper of die perd vervang of gelde terugbetaal.**

## **9. DIE BESKERMHEER**

### **9.1 AANSTELLING VAN DIE BESKERMHEER**

'n Beskermheer sal deur die Raad vir alle veilings wat plaasvind onder die beskerming van die SA Boerperd Telersgenootskap, aangestel word.

#### **9.1.1 Koste Van Die Beskermheer**

Die aanbieders van 'n veiling sal verantwoordelik wees om die beskermheer se reiskoste en dagfooi te betaal.

### **9.2 PLIGTE VAN DIE BESKERMHEER**

Die beskermheer staan die verkoper by met hulp, versoek en betrokkenheid met die veiling rakende die Genootskap se reëls en regulasies. Verdere pligte behels dat die beskermheer:

- 9.2.1 veilingsreëls sal ken, sowel as skriftelik byderhand sal hê.
- 9.2.2 veilingsdokumentasie moet verifieer as korrek. Perde se identiteit moet bevestig word met die nodige beskikbare dokumentasie.
- 9.2.3 in besit van 'n katalogus wees, wat vooraf onder sy leiding saamgestel is.
- 9.2.4 sal sorg dat veilingreëls nagekom word.
- 9.2.5 sal toesien dat perde genommer is soos in die katalogus.
- 9.2.6 na afloop van die veiling betrokke moet wees by die administrasie van die afslaers deur verkope te kontroleer en die sertifikate aan te heg aan die nodige faktuur/dokumentasie. ALLE inligting (ook 'n volledige posadres) moet duidelik op die dokumentasie aangebring wees.



- 9.2.7 afskrifte van sertifikate/geboortekennisgewings en enige ander nodige beskikbare dokumentasie rakende die perd aan die kopers sal oorhandig, asook die oordrag proses van die Genootskap aan kopers verduidelik.
- 9.2.8 'n kopers-rol of opsomming van verkope by die afslaers verkry.
- 9.2.9 die oorspronklike sertifikate en veilings dokumentasie per geregistreerde pos of koerier aan kantoor vir oordragte van perde aan die nuwe kopers sal besorg.
- 9.2.10 sal verseker dat die afslaers 'n kopers-rol en die kommissie verskuldig aan die Genootskap oorbetaal word indien 'n betaling nie direk na afloop van die veiling gemaak word nie.
- 9.2.11 dat alle gelde aan die Genootskap verskuldig (kommissie), wel in die Genootskap se bankrekening inbetaal sal word.
- 9.2.12 dat hy sy onkostes skriftelik en op 'n offisiële vorm deur die kantoor sal eis.
- 9.2.13 dat hy 'n skriftelike verslag rakende die veiling aan die Raad stuur.

